# Kinderkerk Speletjies 3

**Speletjie 1: I spy:** Speel I spy met die kinders. Gee elke keer die eerste letter van die woord vir die kinders as hulle leidraad. Jy kan ook vir elke kind 'n I spy uitdeelstuk uitdruk en ook een vir jouself. Jy "spy" dan op die uitdeelstuk en hulle kyk of hulle dit kan vind op die blaai.

**Speletjie 2: Simon Says**

- **Wikkel jou neus;**
- **Raak jou tone;**
- **Maak 'n snaakse gesig;**
- **Maak asof jy sit op 'n stoel;**
- **Swem;**
- **Waai met jou linkerhand;**
- **Maak asof jy slaap;**
- **Loop op een plek;**
- **Doen 'n robot dans;**
- **Skud jou kop;**
- **Blaf soos 'n hond;**
- **Glimlag;**
- **Draai in die rondte;**
- **Sit altwee hande op jou kop;**
- **Staan op jou tone.**

**Speletjie 3: Wat is die klank:** Speel 'n klompie klanke vir die kinders en laat hulle raai wat hulle hoor.

**Speletjie 4: Stomstreke:** Doen 'n klompie aksies en die kinders moet raai wat jy doen.

- **Roei in 'n boot;**
- **Ry op 'n motorfiets;**
- **Grawe 'n gat;**
- **Lees 'n boek;**
- **Werk op 'n rekenaar;**
- **Eet 'n bord kos;**
- **Kyk televisie.**

**Speletjie 5: Raai die dier:** Gee vir die kinders 'n woord wat rym met 'n dier/insek se naam en laat hulle raai watter dier jy aan dink bv. Ek dink aan 'n dier en dit rym met: mat – kat, roei – koei, werd – perd, mond – hond, vier – mier - tier, rok – bok, grot – rot - mot, tuis – muis, laai – haai, vuil – uil, bang – slang, gaap – skaap, dam – ram.

**Speletjie 6: Hidden object:** Gee vir elke kind die Vind die katjie en Vind die hasie prentjie.

# Hidden Objects





Instruksies: Roep iets uit wat op die blaai weggesteek is, en laat die kind wat dit eerste vind hulle hand opsteek. Hulle kan dit afmerk soos hulle dit kry.

**Vind die katjie**



**Antwoord**



**Vind die hasie**



**Antwoord:**

